Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 50 | 18 November 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

"In the moment of crisis, the wise build bridges and the foolish build dams."
~Nigerian proverb~

OUERS BOU 'N BRUG

"Bou 'n brug en kom oor dit." Dit was een van my gunsteling sê-goed vir my kinders in die tyd wat ek, as ouer, my bes probeer het om hulle groot te maak, om 'n verskil te help maak in die samelewing. O nee... dié woorde is nooit met staande applous ontvang nie. Nooit het ek 'n "dankie" daarvoor gekry nie, maar daar was vrug in hulle lewe as gevolg van die woorde – soet en mooi vrugte. Die konteks was gewoonlik tweeledig: Die tye wat hulle, hulleself genooi het na 'n eie "pity party" en hulself baie jammer gekry het oor die "onregverdige lewe", en ook as dit gekom het by grense en dissipline wat selde met 'n glimlag begroet is.

"We build too many walls and not enough bridges."
~Isaac Newton~

Ouers vandag moet leer dat die lewe soms onregverdig is. Ouer, van vandag af moet jy leer dat jy leef om 'n verskil in jou kinders se lewens te maak. Jy leef om hul lewens te verbeter. Jy leef om hulle op te hef. Jy leef om hulle toekoms te verbeter.

Die realiteite om werklik ten diepste 'n verskil te maak, of werklik by te dra tot die transformasie van iemand se lewe, kos duur. Daar is 'n prys. Dit vra opoffering van jou kant. Dit vra dat jy jou kosbare tyd in hulle moet belê. Dit vra dat jy sal afsien van jou behoefte aan erkenning, en 'n behoefte aan 'n klop op die skouer.

"It takes both sides to build a bridge."
~Fredrik Nael~

- ☆ 'n Prokureur/Advokaat offer elke dag op ter wille van 'n kliënt.
- ☆ 'n Huisvrou offer elke dag op ter wille van haar man en kinders.
- ☆ 'n Onderwyser offer elke dag op ter wille van ander mense se kinders.
- ☆ 'n Dokter/Tandarts offer elke dag op ter wille van 'n siek pasiënt.
- ☆ 'n Dominee/Pastoor offer elke dag op ter wille van die gemeentelede.
- ☆ 'n Loodgieter raak vuil om iemand anders se lekkende waterpype reg te maak.

Dit is ‘n voorreg om op te offer ter wille van iemand anders. Sonder opoffering is ouerskap nie moontlik nie.

Daarom... bou ‘n brug en offer elke dag op ter wille van die opbou en verbetering van jou kinders.

“In the end, kids won’t remember that fancy toy or game you bought them,
But they will remember the time you spent with them.”
~Kevin Heath~

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

SPORT

SKAAK

Baie geluk aan Logan Fick wat as lid van die Ekurhuleni Skaakspan gekies is. Hierdie skaakspan gaan aan die Suid-Afrikaanse Junior Skaak Kampioenskappe gedurende Januarie 2022 deelneem.

GHOLF

Baie geluk aan Bevin Hughes wat in die Easterns Gholfspan opgeneem is.

ATLETIEK

Aktiwiteitsperiode gedurende assesseringstydperk

Daar sal Maandae tot Donderdae, vanaf 11:00 – 11:45, ‘n aktiwiteitsperiode wees vir die leerders.

Oefening sal plaasvind as volg:

Maandag – Donderdag	Middelafstande & Naellope	Graad 1 – Graad 6 leerders

RUGBY EN NETBAL: FIKSHEIDSOEFENING

Oefentye

Maandae – Donderdae	11:00 – 11:45	Graad 4 – Graad 6 leerders

*** Vir leerders wat nie by die atletiek-oefeninge betrokke is nie.**

TENNIS

Oefentye

(Graad 4 – Graad 7 seuns en dogters)

Dinsdae en Donderdae	06:00 – 07:00

ALGEMEEN

DISNEY DAG

'n Hartlike dankie aan elke Riebie-leerder en ouer wat 'n bydrae vir ons Riebie-gesinne in nood gemaak het. Te danke aan julle kan baie behoeftige gesinne die vakansie met warm harte afskop! BAIE DANKIE !!!

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

HUISWERK-TOESIG TYDENS EKSAMEN: GRAAD 4 – GRAAD 7

1ste Sessie	12:45 – 13:30	Verpligtend
2de Sessie	13:45 – 14:30	Opsioneel
3de Sessie	15:15 – 16:00	Opsioneel

Indien leerders nie by die Riebie Rakkers Naskoolsentrum ingeskryf is nie, is ouers welkom om leerders as dagbesoekers na die toesigklas vir studie te stuur. Koste is R50.00 per dag per leerder.

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 22 NOVEMBER 2021 – 26 NOVEMBER 2021

MAANDAG	HOENDER A'LA KING	BROODJIE & SAP
DINSDAG	SPAGETTI BOLOGNAISE	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	CHIP ROLLETJIE	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	HAM EN KAAS TOEBROODJIE	BROODJIE & SAP
VRYDAG	BOEREWORS ROLLETJIE	SKYFIES / SAP & VRUG

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***